# GrietGriet

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie

Julie 2010
Volume 6



**Die volgende *GrietGriet* verskyn in November 2010.**

*GrietGriet is also available in English – please let us know if you prefer to receive an English copy.*



**Dr en Mev Breedt met hulle seuns in 1982**



**Eliz-mari Prinsloo, Primaria 2010, sê totsiens.**

*"Ek voel bevoorreg om die geleentheid te gehad het om Magrietjie van diens te wees. My wens is dat Magrietjie van krag tot krag sal gaan!"*

Die nuwe Primaria en HK word aan die einde van Augustus aangewys en sal in die volgende nuusbrief bekendgestel word.

## DIE 1ste HUISOUERS

Die eerste huisouers van Magrietjie was Dr en Mev Breedt (nou Grimbeek) en het saam met die eerste HK 'n belangrike rol in die vorming van die Magrietjie identiteit gespeel. Saam-saam het hulle besluit op die amptelike kleure van grys en pienk vir Magrietjie asook die keuse van 'n huislied. Aanvanklik sou die pienk-paleis Willemien genoem geword het maar danksy sterk protes onder die studente het Magrietjie geseëvier. Die huisouers het drie kinders in die koshuis grootgemaak. Volgens Me Grimbeek was die meisies dol oor die klein kindertjies in die koshuis en dit het die lewe aansienlik makliker vir die huisouers gemaak. Haar oudste seun Andre (30), was twee jaar oud toe hul huisouers geword het en woon tans in New York met 'n studiebeurs van die Verenigde Nasies. Werner (26) is 'n golfspeler van beroep en Elma (24) werk in Pretoria. Me Grimbeek het vir 17 jaar na haar tyd as huismoeder in die Merensky biblioteek op kampus gewerk en is tans 'n data bestuurder by Sabinet.



**Die 1ste huismoeder met haar familie vandag**

## UITREIK NA BULEMBU

Die Magrietjie dames se liefdadigheidswerk het die jaar nuwe vorm aangeneem toe ons 'n uitreik na Bulembu, 'n klein myngemeenskap in Swaziland gehad het. Die Joolkomitee het sakke speelgoed, blikkieskos en 500 bybels saamgeneem om uit te deel. Die dames het ook die mure van 'n ablusieblok in die kamparea gebou en 'n pretdag met die kinders in die dorp gehad.



**Jool HK-lid, Debbie de Beer, en haar "kinders" in Bulembu**

Magrietjie het as 'n langtermynprojek hulpverlening aan die Vossentrum in Sunnyside, Pretoria verleen. In 2009 het Magrietjie die badkamer in die sentrum oorgedoen en dié jaar wil ons graag hul dak vervang. Die dak is plek-plek stukkend en lek ook erg - wat die gebou onveilig maak vir die kinders wat deur die dag daar bly. Die sentrum is beide 'n dagsorg en sopkombuis, en lewer derhalwe 'n belangrike diens aan die gemeenskap. Om die dak te vervang benodig Magrietjie R17 000.

Ons sal dit BAIE waardeer indien u enige kontak het met dakbouers wat kan help, of iemand wat moontlik 'n bydrae kan maak tot hierdie projek. Kontak vir Debbie de Beer per e-pos by magrietjie@up.ac.za

## SERRIE WENNERS!

Magrietjie het dit weer gedoen!! 2010 se Serrie wenners is die dames in pragtige pienk! Weke se voorbereiding met laat aande het uiteindelik vrugte afgewerp vir die moeë dames. Die "skeidregters" van Magrietjie in hul swart-en-wit monderings het die trofee voor al die mededingers weggeraap. Buiten 'n eerste-plek in die finaal het Magrietjie ook die uitdunrondte en die "beste ontvangs by die koshuis" pryse gewen. Dit is baie duidelik dat die meisies in pienk (en op die aand in swart-en-wit) die vertoning oorheers het. Klaradyn was in die tweede plek met Asterhof wat die derde plek ingeneem het. Die wenners van die Serrie se mansafdeling was die "Toysoldiers" van Vividus (dagstudentehuis) wat ook die algemene wenners was. In die tweede plek was Boekenhout met Maroela in die derde plek.



**1ste in Serrie 2010**



**Die Serrie-orkes**

## INFORMEEL 'BY DIE TEATER'

In ware Magrietjie styl was dit weereens tyd vir die pienk dames se "Informal". Uitgevat volgens die tema "a night at the theatre" het die dames Magrietjie se eetsaal in 'n ander wêreld omskep. Van Tinkerbell en Peter Pan, tot Lady Macbeth en Pocahontas het opgedaag om die aand op te tower. Elke tafel is versier volgens 'n Broadway Show tema. Les Miserable, Cinderella en Mamma Mia het hulle vertoning gemaak op die dekorfront. Die informele gevoel is versterk met "hamburgers en chips" as aandete.




**(links) Voorbeeld van 'n tafel versier volgens die Grease tema**

## KULTUUR IS TOPS

Kultuurweek het die jaar afgeskop op die 19de Julie met Mnr Magrietjie, die jaarlikse "modeparade" vir enkelopendes van die onderskeie manskoshuise. CJ Wong (links voor op die foto) is as dié jaar se Mnr Magrietjie gekroon (brrrrr...).



**Die Mnr Magrietjie hunks**

Die suksesvolle opening van Kultuurweek is opgevolg met Pub Golf, waar die meisies meegeding het om te bepaal wie kan hul putjies met die laagste telling voltooi. Die eerste prys is deur twee semis, Steph en Linke opgeraap. Woensdag het gevolg met Magrietjie se jaarlikse vloeraand waar die vloere meegeding het om hul vloere die kreatiefste te versier. Musiektemas het orals hul verskyning gemaak en die wenners van die aand was Vloer 9 met 'n Spice-girl tema. Donderdag het gevolg met die tradisionele "Tour de Sonop" en die Magrietjie dames het 'n toer deur Sonop geniet met 'n vertoning deur elk van die streke. Die week het geëindig met 'n bustoer na Potchefstroom waar die meisies gesosialiseer het met mans van die koshuise Veritas en Overs.

## GRIETJIE PIGGY

Jaarliks het Magrietjie 'n skoonheidskompetisie met 'n verskil – die skoonheidskompetisie is spesiaal vir varkies. Ja inderdaad, elke Spikkel moet 'n spaarvarkie maak voor hul in die koshuis intrek, en dit met kleingeld vul. Een aand word daar dan 'n spesiale modeparade gehou waar beide die varkie en die varkie se eienaar hulle tema moet uitbeeld op die loopplank. Pryse word gegee vir die "swaarste varkie", die "mees oorspronklike varkie" en vele ander kategorieë. Die geld wat ingesamel word uit Grietjie Piggy is deel van ons Jool-fondsinsameling en dié jaar het ons 'n volle R9 000 ingesamel as deel van ons bydrae om minderbevoorregde mense te help.




**(bo) Twee entoesiastiese Spikkels by hul Grietjie Piggies**

## Het jy geweet?

**Magrietjie was deel van die FIFA Sokker Wêreldbeker deur die aanbied van bekostigbare verblyf. Ongeveer 230 sokkerondersteuners vanuit Algerië het vir twee weke in Magrietjie tuisgegaan. Vyf Magrietjie dames het die taak op hulle geneem om "Hotel Magrietjie" gedurende die tyd te bedryf. Hierdie was nie maklik nie en die dames het elke sent verdien. Gevra oor hulle opinie rakende hul kort betrokkenheid in die hotelbedryf was dit duidelik dat "SA Toerisme na dese sonder hulle vyf sal moet klaarkom".**

**VARS IDEES NODIG…**
**Ons nooi oud-Magrietjies uit om enige idees vir fondsinsameling met ons te deel. Of vertel ons wat het gewerk in julle jare. Soms is 'n ander een se insette nodig om die grysstoffies weer te laat vloei!**

**Serenade-kompetisie**




**Die uitdunne vir die jaarlikse Serenade-kompetisie vind op 3-5 Augustus plaas, met die kampusfinale op 7 Augustus in die Musaion. Kaartjies kan by Tukkiewerf gekoop word. Magrietjie is vol vertroue dat ons nie net die finale sal haal nie, maar ook as wenners uit die stryd sal tree. Hou duim vas!**

## MAGRIETJIE HK VERVANG!

Tydens 'n Huisvergadering in 1989 is 'n "mosie van wantroue" teen die HK ingedien. Volgens die mosie kon die HK nie die eerstejaars beheer nie en het dit daartoe gelei dat 'n nuwe HK wat strenger sou optree aangewys is. Die nuwe, kwaaier HK is net daar verkies en die Spikkels het die nuwe HK se tirannie benadering beleef. Die ou HK lede het verskoningsbriefies en blomme, koffie en 'n tranedal gekry. Die volgende oggend na die Spikkels in die reën aangetree het vir hul oggend se oefening is hul in die saal ingelei. Dit is gevolg deur 'n oorverdowende gejuig toe die Spikkels besef het dat die ou HK wag hul in. Intussen het die "fop-HK" vreeslik sleg gevoel oor hoe kwaai hul moes optree terwyl een van die dames in the "fop-HK" in weerwraak deur Spikkels in 'n taai bad gedoop is. As enige Magrietjie nog hierdie insident kan onthou - vertel ons gerus meer!

## DIE PIENK FIETSE…

Ons HK-lid vir Jool van 2010, Debbie de Beer, het aan die begin van haar termyn een van Magrietjie se ongebruikte stoorkamers ingevaar en op twaalf antieke pienk fietse afgekom. Op een van die fietse was 'n plaatjie gemonteer met die naam "Sonop". Sover ons kon agterkom het Sonop die twaalf fietse aan Magrietjie se HK geskenk in een van die jare wat ons saam met hulle gejool het. Van die fietse is in tip-top kondisie en kon nog gery word (ons het dit ge"recycle"). Vier van die fietse het hierdie jaar aan die Jooloptog deelgeneem en het ook hulle verskyning gemaak by die jaarlikse Drastoel. As 'n uitdaging aan die Spikkels van 2010 is daar sonder hul medewete gereël dat die fietse deur Olienhout gesteel sal word. Die Spikkels moes die fietse dan terugsteel en in die proses is 'n hele paar Spikkels gevang en gestort. Ons het egter al die fietse (en Spikkels) teruggekry en hulle word by Magrietjie se belangrike gebeurtenisse vertoon en gebruik. Indien enige oud-Magrietjies inligting oor die geskiedenis van die fietse of interessante staaltjies rondom die fietse het, moet julle ons asb laat weet! Stuur gerus 'n e-pos aan magrietjie@up.ac.za.



**Debbie op een van Magrietjie se pienk fietse**

## ALUMNI "SOEKMEKAAR"

Oud-Magrietjies kontak ons gereeld in hul soektog na ou vriendinne. Ons het dit dus goedgedink om 'n "Soekmekaar"-afdeling in die nuusbrief in te sluit. Indien jy dus opsoek is na 'n oud-Magrietjie vriendin, stuur gerus 'n e-pos met die nodige besonderhede en ons plaas dit graag in die volgende nuusbrief.

Danette van Schalkwyk (née Brand) wat in die koshuis in 1987 en 1988 was, is op soek na haar Spikkel-kamermaat, Poenie Leen, wat terloops ook die Bond van Oud-Magrietjies gestig het en ook Primaria in 1991 was.
*Red: Magrietjie het informeel verneem dat Poenie Leen ons Alumni-oggend gaan bywoon op 21 Augustus. Miskien moet julle by dié geleentheid die drade kom optel!*

Anel van Schalkwyk (née Dempers) is op soek na haar Magrietjie maats: Tronelle Botha, Anette Conradie, Carolien Joubert, Izel Venter en Cathy Moorcroft. As enigeen kan help, stuur asb 'n e-pos (magrietjie@up.ac.za) sodat ons die oud-vriendinne kan herenig.

## "ADOPT-A-HK"…

Magrietjie se nuwe HK word einde Augustus aangekondig. Saam met die eer van HK wees, gaan ook hope uitgawes aan HK-klere en -benodigdhede. Die grootste uitgawe is HK-baadjies en jaag HK-lede tot R800 per persoon uit die sak! Ons wil graag die "adopt-a-HK"-program voortsit waar ons alumni vra of hulle bereid sal wees om 'n HK-baadjie (R500) te borg. Hierdie baadjie kan dan deur die HK-lid gebruik word vir die jaar, maar bly die eiendom van Magrietjie sodat dit weer volgende jaar vir 'n volgende HK-lid gebruik kan word. As jy bereid is om 'n HK-lid "aan te neem" en R500 te skenk vir 'n HK-baadjie, stuur asb 'n epos aan (magrietjie@up.ac.za). Danksy Joalet Steenkamp (née Gouws), oud-Magrietjie '92-'95 kon ons vir Phumla Nkosi hierdie jaar 'n HK-baadjie ter waarde van R500 koop, en het ons derhalwe reeds een baadjie in ons versameling. Hopelik kan ons binnekort 'n reeks baadjies beskikbaar hê ten einde HK-lede wat dit nie kan bekostig nie, te help. Ons hoor graag van julle!

**WORD DEEL!!**
Dit sal ons harte warm laat klop as oud-Magrietjies sal oorweeg om deel te word van die Universitiet se GRADitude fonds vir Magrietjie. Dit sal ons in staat stel om finansieel te oorleef met minimale bydraes van oud-Magrietjies.
Meer besonderhede by www.up.ac.za/magrietjie (gaan na alumni-blad en klik op GRADitude fonds)

**Tjeks betaalbaar aan:**
**Klubbate VSR**
**Elektroniese oorbetalings:**
**ABSA**
**Takkode: 335545**
**Rekening nr: 2140450033 (tjekrekening)**
**Verwysingsnr: X0L814 (plus jou Van)**
**Stuur bewys van betaling na:**
**faks 086 543 6484 of per e-pos na magrietjie@up.ac.za**

**REUNIE**

**Redaktrise:**
**Liza-Mari Coetzee**

## UIT ONS SKATKIS

Isabel Mischke, Kleding en Geestelike HK 2000, het toe sy verhuis het, 'n blikkie met geld ontdek wat sy as 'kitty-geld' gebruik het tydens kledingverkope. Na 10 jaar het Mischke hierdie geld aan ons terugbesorg en sommer 'n ekstra bedrag bygesit.
*Red: Dankie Isabel, Magrietjie gaan hierdie R2000 aanwend in een van ons baie liefdadigheidsprojekte. Duisend dankies vir jou moeite!*

Kobie Odendaal skryf: *"Wow dis lekker om deur hierdie Magrietjie bladsye te lees. Soveel het verander en tog is alles nog so dieselfde en bekend. Moet erken ek het in die begin van die jaar verby die koshuis gery en was so trots en hartseer op een tyd dat ek net weereens dankie gesê het vir my 3 jare in huis pienk. Ek het toevallig gisteraand vir Rilandi Knoetze en Anel Stander gesien en toe die Magrietjie liedjie (Narcotics) speel, kon ons nie help om saam te sing en vir die wêreld te wys ons bly altyd trotste Magrietjies nie."*
Red: Dankie Kobie - mag julle altyd bly dans vir Magrietjie!

*"Dra asb my gelukwense oor aan die Magrietjies met die pragtige prestasie by die Serrie-kompetisie! Trotse Magrietjie-groete, Hermine Pistorius"*

## UITNODIGING: REUNIE (1982-1999)

In die November 2009-uitgawe van die Magrietjie Alumni nuusbrief het ons navraag gedoen om die belangstelling vir 'n Alumni damesoggend te toets. Vanweë die positiewe reaksie het ons in die Maart-nuusbrief 'n datum (21 Augustus) vasgemaak. Uiteindelik kan ons vir julle die detail rondom ons Alumni-oggend gee en nooi ons elke oud-Magrietjie, wat in die jare 1982 tot 1999 in Magrietjie woonagtig was, uit om te kom deel in die saamkuier. Die oggend beloof om spesiaal te wees in vele opsigte!

| | |
|---|---|
| **DATUM**: | 21 Augustus 2010 |
| **TYD**: | 09:30 vir 10:00 |
| **PLEK**: | Magrietjie (Prospectstraat) |
| **KOSTE**: | R150 |
| **BETALING**: | Sien bankbesonderhede in die blokkie links |
| **RSVP**: | Voor 11 Augustus per e-pos na magrietjie@up.ac.za (antwoord asb die onderstaande vrae as deel van jou RSVP) |

**Antwoord asb die onderstaande vrae wanneer jy RSVP na magrietjie@up.ac.za voor 11 Augustus:**
Noemnaam:
Nooiensvan:
Huidige van:
E-posadres:
Selnr:
Beroep (en werkgewer):
Wanneer was jy 'n 1ste jaar in Magrietjie:
Was jy 'n Primaria of HK-lid? Wat en wanneer?
Kan die oggend se vermaak in Afrikaans aangebied word?
Deel asb 'n interessante koshuisstaaltjie oor jou tyd in Magrietjie (opsioneel)

**PROGRAM**

| | |
|---|---|
| 09:30-10:30 | Aankoms met koffie/tee/vrugtesap |
| 10:30-11:00 | Program in die saal (verwelkoming, Serenade tree op) |
| 11:00-12:00 | Spreker (Kenner in gesigsprofielontleding) |
| 12:00-12:30 | Besoek aan argief |
| 12:30-14:00 en langer | Ligte middagete en kuier (uitstallers van klere, juwele, ens) |

Sonder dat enige detail tot op hede beskikbaar was, het die volgende oud-Magrietjies reeds aangedui dat hulle die Alumni-oggend vir niks sal mis nie (hoop om jou ook daar te sien):
- Eileen Blignaut (née Wiechers)
- Ilse Blignaut
- Wilma Errenrich (née Smit)
- Roxane Ferreira (née Keeve)
- Marienne Gregory
- Ingrid Olivier (née Vorster)
- Maureen Osler (née Reen Erasmus)
- Karina Sevenhuysen (née Pretorius)
- Anel van Schalkwyk (née Dempers)
- Marlene van den Berg
- Poenie van den Berg (née Leen)
- Paula van Rensburg (née Nel)
- Madeleen Wienand (née Winter)

**Tot weersiens in *Griet Griet* November 2010…**
**(of in persoon op 21 Augustus by ons alumni-oggend)**